*Donderdag* **6 November**

**Skrifgedeelte: Johannes 15:9-17**
**Fokusgedeelte: Johannes 15:16 (AFR53)**
**Bly in Christus gevestig as uitverkore kind van God!**

God werk kragtig deur sy Woord en Heilige Gees in ons harte en lewens. Hy verander ons om weg te draai na ’n lewe in toegewyde diens aan God. God het ons as gelowiges nog voor die grondlegging van die wêreld uitverkies (Ef. 1:4). Hy het ons gekies en nie ons vir God nie.

Hierdie groot geskenk van God word genade genoem. Ons ontvang die teenoorgestelde as wat ons verdien. Anders sou dit nooit genade gewees het nie, maar sou daar in die Bybel gestaan het “verdienste”. Want God het ons uitverkies sodat ons in Hom kan bly. Vyf keer in Johannes 15 hoor ons hoe ons in Christus as wingerdstok moet bly as sy lote, deel het aan sy wingerd.

Ons bly in Christus, letterlik beteken die woord om in ’n huis te bly, in Christus te bly. Om geestelik deur die Heilige Gees ingesleutel te wees by Hom. Dit gebeur wanneer ons meer na Christus verlang, smag, tyd met Hom spandeer met sy Woord en gegrondves raak in sy waarheid. Daardeur kry ons wysheid en sal ons vrugte dra van geloof, omdat ons deel is van Christus.

Johannes se gebed is hierby in aansluiting met Johannes 3:30: “Jesus moet meer word en hy minder.” God werk deur sy Woord en Heilige Gees in ons om ons te laat groei in geloof en die vrug van die geloof te wys in ons lewe. In ons woorde, denke en dade. Nie om guns, voorspoed of geluk by God te verdien nie, maar om God te dank, dat Hy so kragtig en genadig met ons werk. Die verdere uitwerking daarvan is dat wanneer ons as sy kinders leef, sal ons gehaat en vervolg word deur die wêreld (vs 19-20). Dit beteken dat ons deur mense verwerp, gespot, vervloek, gehaat en vervolg sal word, omdat ons nie die wêreld se leefstyl handhaaf en aanvaar nie.

Ons moet egter die vrug van die uitverkore kind, naamlik die vrug van geloof, wat die werking van die Heilige Gees in ons hart en lewe is, gaan uitleef (Gal. 5). Wanneer die Heilige Gees in ons harte woon en werk, dan grondves en laat groei Hy ons geloof in God. In verhouding, verbintenis met Hom. Hy laat ons sterk staan om enduit in Christus te bly, ons krag en sterkte in Hom te ontvang om tot die dood toe vir Christus se liefde en waarheid die stryd te voer. Leef nou as uitverkore kind van die Here!

*Sing: Skrifberyming 14-2:1-3*

*Ds. JH (Jacques) Kühn (Tsumeb)*